- (e) "~~die Wet~~" die Wet op die Reëling van Byeenkomste, 1993 (Wet No. 205 van 1993);
- (f) "~~gemagtigde lid~~" 'n lid van *die Diens* wat ingevolge artikel 2(2)(a) van *die Wet* aangewys is om te help met die reëlings ten opsigte van 'n *byeenkoms* of *betoging*;
- (g) "GOS" die gesamentlike operasionele sentrum wat op die toneel van 'n *byeenkoms* of *betoging* geaktiveer word;
- (h) "GOSKK" die Gesamentlike Operasionele Koördineringskomitee, wat 'n geïntegreerde operasionele liggaam is wat *die Diens* en eksterne rolspeleers soos die Weermag, Munisipale Polisie, ens., insluit. Die beraadslagingsproses met betrekking tot die evaluering van die bedreiging word deur die GOSKK uitgevoer en betrek alle inligtingsrolspeleers. Die bepaling van die bedreiging, mandaat vir die opdraggewing vir die *byeenkoms* of *betoging* sal uit 'n vergadering van die komitee voortspruit. Die GOSKK vergader weekliks en hanteer slegs beplande aktiwiteite, soos 'n verwagte *optog*. Die GOSKK sal ook die GOS aktiveer, die *operasionele bevelvoerder* aanstel en die nodige belanghebbendes identifiseer;
- (i) "~~inligtingsbestuurder~~" die lid wat aangewys is om verantwoordelikheid te neem vir die inwin en voorsiening van alle pro-aktiewe inligting aangaande alle gebeurtenisse van skarebestuur aan die *operasionele bevelvoerder* om te verseker dat alle *byeenkomste* en *betogings* professioneel gepoliseer word. Die *inligtingsbestuurder* skakel ook met alle inligtingsgebaseerde rolspeleers en is nooit betrokke by die inwin van inligting wat in die geheim of onder 'n dekmantel plaasvind nie;
- (j) "~~lid~~" 'n lid van 'n munisipale polisie;
- (k) "Openbare Orde Polisie-eenheid" 'n eenheid wat deur die *Provinsiale Kommissaris* tot stand gebring is om openbare orde te handhaaf wat die beheer en polisiëring van *byeenkomste* en *betogings* van openbare kollektiewe aksie en gedrag. Dit sluit die bestuur in van vooraf beplande en spontane vergaderings, *byeenkomste* en *betogings*, ongeag of dit van 'n vreedsame of oproerige aard is;
- (l) "~~operasionele bevelvoerder~~", 'n operasionele offisier wat verantwoordelik is vir die operasionele koördinerings van 'n operasie;
- (m) "Provinsiale Kommissaris" die *Provinsiale Kommissaris* van *die Diens* of sy of haar gedelegeerde;
- (n) "~~samenroep~~" enige persoon wat, uit eie beweging, 'n *byeenkoms* byeenroep en, ten opsigte van enige organisasie of tak van enige

**Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard****Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings**

organisasie, enige persoon wat deur sodanige organisasie of tak aangestel is, soos beoog in artikel 2(1) van *die Wet*;

- (o) **"SIGPOL"** Sigbare Polisiëring: Suid-Afrikaanse Polisiediens;
- (p) **"skarebeheer"** die polisiëring van vergaderings, *betogings* en alle *byeenkomste*, soos omskryf in *die Wet*, hetsy dit vir ontspanning, vreedsaam of oproerig van aard is;
- (q) **"uitvoerende hoof"**, die *uitvoerende hoof* van 'n munisipale polisiediens (Hoof van Munisipale Polisie) wat ingevolge artikel 64C van *die Wet* op die Suid-Afrikaanse Polisiediens, 1995 (Wet No. 68 van 1995) deur die betrokke munisipale raad aangestel is;
- (r) **"verantwoordelike beampte"**, 'n persoon soos omskryf in artikel 1 van *die Wet* as 'n "verantwoordelike beampte", wat deur 'n plaaslike owerheid as 'n geskikte persoon aangestel is, insluitende 'n adjunk van sodanige persoon, om die funksies te verrig, die bevoegdhede uit te oefen en die pligte te verrig van 'n verantwoordelike beampte ingevolge *die Wet*. Met dien verstande dat, indien 'n plaaslike owerheid nie so 'n aanstelling gemaak het nie, die Munisipale Bestuurder (Stadskierk) of die plaaslike owerheid of, in sy of haar afwesigheid, sy of haar onmiddellike ondergeskikte, die *verantwoordelike beampte* geag te wees; en
- (s) **"voorkomingsmaatreëls"** pro-aktiewe taktiese maatreëls soos 'n statiese versperring wat gebruik word om mense en eiendom te beskerm en te beveilig, deur afkondoring, blokkering, isolering, patrolling, begeleiding en rig van persone.

### 3. Pro-aktiewe konfliktoplossing

- (1) Indien inligting aangaande potensieel gewelddadige onluste onder die aandag van die *uitvoerende hoof* gebring word, moet sodanige inligting aan die betrokke *Openbare Orde Polisie-eenheid* en die *Provinsiale Kommissaris* gerapporteer word om die vreedsame oplossing van die oorsake wat onderliggend aan die onrus is, te vergemaklik.
- (2) *Uitvoerende hoofde* moet die verbintenis tot die vennootskap met die gemeenskap ondersteun deur —
  - (a) positiewe en konstruktiewe verhoudings met die organiseerders van die gebeurtenisse, gemeenskapsleiers en nie-regerings organisasies te bou; en
  - (b) die potensiaal vir die totstandkoming van formele forums te ondersoek om wanorde in die gemeenskap te voorkom en te ontloot in samewerking met instellings soos plaaslike owerhede, burgerlike verenigings, gemeenskapspolisiëringforums en nie-regerings organisasies.

#### 4. Aanwysing en verantwoordelike van verantwoordelike beamptes

- (1) Die plaaslike owerheid kan 'n *lid* as die *verantwoordelike beampte* aanwys en die naam en kontakbesonderhede van die *verantwoordelike beampte* skriftelik aan die *Provinsiale Kommissaris*, asook alle stasiekommissarisse binne die jurisdiksie van die munisipale polisie diens stuur.
- (2) Die *verantwoordelike beampte* moet —
- (a) 'n goeie verhouding met die *gemagtigde lid* van die *Diens* handhaaf;
  - (b) skriftelike kennisgewing van 'n beoogde *byeenkoms* in ooreenstemming met die bepalings van die *Wet* ontvang;
  - (c) inligting aangaande 'n beoogde *byeenkoms* van die *gemagtigde lid* ontvang en rapporteer;
  - (d) sodanige stappe doen as wat hy of sy nodig ag, insluitende bystand verkry van die *Diens* om die identiteit van die *sameroeper* van die beoogde *byeenkoms* te bepaal en die *sameroeper* te versoek om die bepalings van die *Wet* na te kom;
  - (e) die *gemagtigde lid* konsulteer oor die noodsaaklikheid vir onderhandelinge oor enige aspekte van die gedrag van, of enige toestand met betrekking tot die *byeenkoms*; en
  - (f) indien hy of sy, na die konsultasies waarna in subparagraaf (e) hierbo verwys word, van mening is dat onderhandelinge —
    - (i) nie nodig is nie en dat die *byeenkoms* kan plaasvind, die *sameroeper* en die *gemagtigde lid* dienooreenkomstig skriftelik in kennis stel; of
    - (ii) nodig is, —
      - (aa) 'n vergadering reël tussen homself of haarself, die *sameroeper*, die *gemagtigde lid*, enige ander betrokke *verantwoordelike lede*, indien enige, en verteenwoordigers van sodanige ander openbare liggame of ander persone, soos wat, na die mening van sodanige *verantwoordelike beampte*, nodig is om die inhoud van die kennisgewing, wysigings of toevoegings daartoe en die voorwaardes, indien enige, wat ten opsigte van die hou van die *byeenkoms* opgele moet word, om die objekte van die *Wet* na te kom;
      - (bb) as voorsitter van die vergadering optree en verseker dat besprekings in goeder trou plaasvind;
      - (cc) voorwaardes, indien enige, met betrekking tot die hou van die *byeenkoms* ople, soos beoog in artikel 4(4)(b) van die *Wet* en skriftelike redes daarvoor verskaf; en

**Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard****Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings**

- (dd) verseker dat skriftelike notule gehou word van die vergadering en dat die goedkeuring, voorwaardes of weiering skriftelik aan die aansoeker oorgedra word;
- (g) verseker dat 'n skriftelike afskrif van die kennisgewing, insluitende enige wysiging daarvan en enige voorwaarde opgelê en redes daarvoor, aan die ~~sameroeper~~, die *gemagtigde lid* en elke party wat die vergadering bywoon waarna in subparagraaf (f) hierbo venwys word, oorhandig word;
- (h) die beoogde *byeenkoms* verbied, onderhewig aan die voorwaardes waarna in artikel 5 van ~~die Wet~~ *vernys* word en die ~~sameroeper~~, ~~gemagtigde lide~~ en elke ander persoon wat hy of sy ontmoet, of gekonsulteer het, in kennis stel en redes daarvoor verskaf; en
- (i) deur die ~~sameroeper~~ in kennis gestel word van enige uitstel, vertraging, kansellasië of afstel van 'n beoogde *byeenkoms* en die ~~gemagtigde lide~~ *nooreenkomstig* in kennis stel.
- (3) Indien 'n *plaaslike owerheid* 'n persoon, wat nie 'n *lid* is, aanwys as 'n ~~verantwoordelike beampte~~ om die funksies te verrig, die bevoegdhede uit te oefen en die verpligtinge na te kom van 'n ~~verantwoordelike beampte~~ ingevolge ~~die Wet~~, moet die *uitvoerende hoof* toesien dat die nodige ondersteuning aan sodanige persoon verskaf word ten einde hom of haar in staat te stel om sy of haar verantwoordelikhede ingevolge ~~die Wet~~ na te kom en die handhawing van 'n goeie verhouding en behoorlike kommunikasie kanale met al die relevante rolspelers, insluitend die munisipale polisdienste, the *gemagtigde lid* van ~~die Diens~~ en ander relevante lede van ~~die Diens~~, te verseker.

**5. Aanwysing van gemagtigde lede**

- (1) Wanneer die *Provinsiale Kommissaris* *gemagtigde lede* aangewys het, sal die *Provinsiale Kommissaris* verseker dat die besonderhede van die *gemagtigde lede* skriftelik aan elke munisipaliteit en *uitvoerende hoof*, indien enige, binne die provinsie gestuur word.
- (2) 'n *Uitvoerende hoof* moet verseker dat 'n kennisgewing wat die name en kontakbesonderhede van die aangewysde *gemagtigde lid(lede)* binne sy of haar jurisdiksie in alle kantore van die munisipale polisdienste waartoe lede van die publiek toegang het, vertoon word.

**6. Pligte en verantwoordelike van 'n gemagtigde lid**

Die pligte en verantwoordelike van 'n *gemagtigde lid* is om —

- (a) *die Diens* te verteenwoordig en met die ~~verantwoordelike beampte~~ en ~~sameroeper~~ te skakel oor alle onderhandelinge en konsultasies soos wat in ~~die Wet~~ voorgeskryf word;
- (b) 'n goeie verhouding met die ~~verantwoordelike beampte~~ en ~~sameroeper~~ te handhaaf;

**Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard****Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings**

- (c) die reëlins en onderhandelinge met betrekking tot die mate waartoe veiligheidsdienste tydens die operasie ontplooi sal word, te hanteer;
- (d) die *verantwoordelike beampte* in te lig oor enige onvoorsiene (spontane) *byeenkoms*;
- (e) alle rekords van operasionele planne en verslae oor die uitvoering van operasies en verslae oor evaluëringssessies, vir drie jaar te hou;
- (f) deel te neem aan die algehele evaluëring na 'n *byeenkoms* of *betoging* deur die evaluëringssessie by te woon;
- (g) om die *verantwoordelike beampte* skriftelik te versoek om voorwaarde of verbiedinge op te lê, indien enige; en
- (h) om alle lede wat by 'n *byeenkoms* of *optog* diens verrig in te lig oor die inhoud van 'n kennisgewing en van voorwaardes en wysigings daartoe ingevolge *die Wet*.

**7. Ontvangs van kennisgewing of inligting oor 'n byeenkoms**

- (1) Wanneer 'n *gemagtigde lid* 'n kennisgewing of inligting oor 'n *byeenkoms* ontvang, moet die volgende gedoen word:

Indiem ...	dan ...
die <i>gemagtigde lid</i> 'n kennisgewing van 'n <i>sameroeper</i> van 'n <i>byeenkoms</i> ontvang het,	sal hy of sy die <i>sameroeper</i> inlig dat die kennisgewing aan die <i>verantwoordelike beampte</i> oorhandig moet word en aandui hoe die <i>sameroeper</i> met die <i>verantwoordelike beampte</i> in verbinding kan tree. Die <i>gemagtigde lid</i> sal met die <i>verantwoordelike beampte</i> oorleg pleeg en seker maak dat hy of sy die kennisgewing ontvang.
die <i>gemagtigde lid</i> inligting ontvang van ander interne polisiebronne ontvang het oor 'n <i>byeenkoms</i> wat gaan plaasvind,	sal hy of sy met die <i>verantwoordelike beampte</i> oorleg pleeg en uitvind of hy of sy daarvan kennis dra. Indien kennis nie aan die <i>verantwoordelike beampte</i> gegee is nie, sal die <i>gemagtigde lid</i> met die <i>sameroeper</i> in verbinding tree en hom of haar inlig dat kennis gegee moet word en die <i>sameroeper</i> inlig oor die voëskrifte van <i>die Wet</i> . Die <i>gemagtigde lid</i> sal met die <i>verantwoordelike beampte</i> hieroor oorleg pleeg.

## Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard

## Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings

die <i>gemagtigde lid</i> deur die <i>verantwoordelike beampte</i> gekontak word om hom of haar in te lig dat 'n <i>byeenkoms</i> gaan plaasvind,	sal die <i>gemagtigde lid</i> probeer om verdere inligting aangaande die beplande <i>byeenkoms</i> in te win deur van die betrokke <i>Openbare Orde Polisie-eenheid</i> se inligtingsnetwerk gebruik te maak en 'n vergadering ingevolge artikel 4 van <i>die Wet</i> aan te vra.
---	---

- (2) Gedurende die oorlegpleging waarna in subparagraaf (1) verwys word, meet —
- (a) al die reëlings vir die beplande *byeenkoms* of *betoging* gefinaliseer word; en
- (b) daar besluit word oor die noodsaaklikheid van onderhandelinge met die *sameroeper* oor enige aspek van of enige voorwaarde vir die beplande *byeenkoms*, al dan nie.
- (3) Die *gemagtigde lid* sal die *Provinsiale Kommissaris* inlig oor die reëlings wat ooreenkomstig subparagraaf (2) gemaak is.

## 8. Bepaling van bedreiging nadat inligting ontvang is

- (1) Onmiddellik nadat die *Provinsiale Kommissaris* of lid wat deur hom of haar aangewys is, inligting oor 'n beplande *byeenkoms* ontvang het, sal hy of sy, in oorleg met die Provinsiale Hoof: Operasionele Reaksiediens of betrokke bevelvoerder van die *Openbare Orde Polisie-eenheid* by die *GOSK* die vlak van bedreiging vasstel sodat bepaal kan word wat die mees geskikte komponent sou wees om die beplande *byeenkoms* of *optog* te bestuur.
- (2) Die evaluering van die vlak van bedreiging sal gebaseer wees op die beskikbare taktiese inligting met betrekking tot die vlak van bedreiging, besprekings en reëlings met die *sameroeper*, 'n geskiedenis van vreedsame of gewelddadige *betogings* deur die betrokke partye, vorige ervaring met die party, geskiktheid van die omgewing of plek ten opsigte van risiko, ens.
- (3) Die resultate van 'n bedreigingsanalise sal op die volgende wyse bepaal word:
- (a) **Vlak Een:** 'n Vreedsame *byeenkoms* en 'n minder belangrike sport- of vermaaklikheids*byeenkoms* wat deur die munisipale polisdienst of *SIGPOL* gepolisieër kan word *terwyl* die betrokke *Openbare Orde Polisie-eenheid* op bystand is: Met dien verstande dat die *Openbare Orde Polisie-eenheid* bevel kan neem oor die skare indien die bevelvoerder van die *Openbare Orde Polisie-eenheid* dit nodig ag;

**Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard****Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings**

- (b) **Vlak Twee:** Onbevestigde inligting oor die moontlikheid van 'n bedreiging van lewe en eiendom - *SIGPOL* en die *munisipale polisediens* is die primêre rolspelers, met die betrokke *Openbare Orde Polisië-eenheid* in reserve op die toneel. Met diem verstande dat die *Openbare Orde Polisië-eenheid* bevel kan neem oor die skare indien die bevelvoerder van die *Openbare Orde Polisië-eenheid* dit nodig aggen
- (c) **Vlak Drie:** Bevestigde inligting van 'n waarskynlike bedreiging van lewe en eiendom - die betrokke *Openbare Orde Polisië-eenheid* neem operasionele bevel en *SIGPOL* en die *munisipale polisediens* verleen bystand in die polisiëring van die gebeurtenis.

**9. Aanstelling van die BGOS**

- (1) Die Afdelings- of *Provinsiale Kommissaris* sal verseker dat die *BGOS* aangewys word en dat hy of sy met Staande Orde (A) 262, hierdie Nasionale Standaard en die betrokke wetgewing vertrou is en dat hy of sy en goed opgelei is om verantwoordelikheid vir die operasie te neem.
- (2) Die *BGOS* voer oorhoofse bevel oor die spesifieke operasie waarvoor hy of sy aangewys is en is verantwoordelik vir alle optredes wat plaasvind.

**10. Voorafbeplanning van operasies**

- (1) Die aangestelde *BGOS* is verantwoordelik vir goed beplande en gekoördineerde optrede vir die duur van 'n operasie.
- (2) Gedurende voorafbeplanning, moet die *BGOS* die volgende prosedure volg:

Stap	Aksie
1	Ontwikkel 'n omvattende geskrewe operasionele plan vir die skarebeheeroperasie (sien die riglyne vervat in Module 2 van die Operasionele Bevelvoerdersopleiding vir SARD Bestuur).
2	Lewer die geskrewe operasionele plan aan die <i>Provinsiale Kommissaris</i> of, indien toepaslik, aan die uitvoerende hoof vir goedkeuring.
3	Lê die skriftelike plan vir inligtingsdoeleindes voor aan die betrokke stasiekommissarisse en die uitvoerende hoof.

## Nasionale Munisipale Polisieeringstandaard

## Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings

4	Aktiveer 'n <i>GOS</i> en stel 'n <i>operasionele bevelvoerder</i> aan, met inagneming van die omstandighede en resultaat van die bedreigingsanalise. In die geval van 'n vlak 2-bedreiging, sal 'n <i>BGOS</i> n oorleg met die munisipale polisiediens, aangestel word. In die geval van 'n vlak 3-bedreiging, sal 'n <i>betrokke Openbare Orde Polisie-eenheid operasionele bevelvoerder</i> in konsultasie met die <i>betrokke Openbare Orde Polisie-eenheid bevelvoerder</i> aangestel word.
5	Implementeer 'n <i>effektiewe</i> stelsel vir die inwin van inligting sodat die jongste, relevante en akkurate inligting vir die operasie pro-aktief, met behulp van <i>SIGPOL</i> lede, ingewin kan word deur besprekings met die publiek of die gebruik van die inligtingsnetwerk van die <i>betrokke Openbare Orde Polisie-eenheid</i> .
6	Versamel die volgende inligting: (a) die werklike roete wat die deelnemers van plan is om te volg; (b) die waarskynlikheid dat geweld kan uitbreek; (c) of die deelnemers opgestook word, al dan nie; (d) of enige vuurwapen op die toneel is of sal wees, al dan nie; (e) die deelnemers se oogmerke; (f) die getal deelnemers wat sal deelneem; en (g) enige ander inligting wat vir die operasie van belang is (sien die Prosedurele Handleiding oor Skarebeheer vir SAPD Bestuur).
7	Gebruik hierdie inligting om die beskikbare hulpbronne of middele doeltreffend aan te wend. In alle gevalle waar die <i>betrokke Openbare Orde Polisie-eenheid</i> aktief by 'n operasie (Vlak 3) <i>betrokke is</i> , moet hulle deurgaans hul <i>inligtingsbestuurders</i> <del>mader</del> <i>inligting</i> voor en na 'n operasie in te win.

- (3) Alle inligting wat gedurende en voor 'n operasie ingewin word, moet deurgaans aan die *BGOS* deurgegee word, sodat hy of sy altyd bewus is van die deelnemers se optrede. Die *lede* moet alle inligting aan hulle bevelvoerders rapporteer wat dit dan aan die *BGOS* moet rapporteer. Hierdie inligting moet per telefoon of per radio deur die aangewese kanaal van opwaartse verslaggewing na die *BGOS* deurgegee word.

## 11. Opdraggewing aan lede

- (1) Volledige opdragte moet aan *lede* gegee word voordat hulle ontplooi word om skarebestuursdiens te doen.



**Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard****Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings**

- (2) Die *operasionele bevelvoerder* moet —
- persoonlik opdragte gee vir alle *lede* van die bevelstruktuur;
  - seker maak dat alle lede van die bevelstruktuur die oogmerke van operasie duidelik deurgee aan alle lede wat vir die *byeenkoms* of *betoging* ontplooi word; en
  - alle bevelvoerders of seksieleiers opdrag gee om gedetailleerde, geskrewe planne oor hulle spesifieke take te voorsien.
- (3) Gedurende die opdraggewingsessie moet die take van al die betrokke rolspelers in besonderhede omskryf word. Die kommunikasiekanaal (bevelstruktuur) wat tydens die operasie gebruik moet word, moet ook deeglik aan alle lede verduidelik word.
- (4) 'n Naamlys van alle *lede* wat tydens die opdraggewingsessie teenwoordig is, moet opgestel word. Seksieleiers moet geïdentifiseer en ingelig word oor wat gedoen moet word. *Lede* moet uitgevra word om seker te maak dat hulle begryp wat van hulle verwag word.

**12. Uitvoering**

- (1) Die gebruik van geweld moet ten alle koste vermy word en *lede* wat vir die operasie ontplooi is, moet die hoogste mate van verdraagsaamheid toon. Die gebruik van geweld en die uiteendrywing van 'n skare moet aan die vereistes van artikel 9(1) en (2) van *die Wet* voldoen. Gedurende enige operasie, moet onderhandelinge gedurig tussen offisiere en *sameroeppers* of ander leierskapelemente plaasvind.
- (2) Indien onderhandelinge faal en menselewens of eiendom in gevaar is, moet die volgende prosedure gevolg word:

Stap	Aksie
1	Stel <i>voorkomingsmaatreëls</i> in werking as 'n prioriteit.
2	Waarsku deelnemers ingevolge <i>die Wet</i> oor die stappe wat teen hulle gedoen sal word indien die <i>voorkomingsmaatreëls</i> misluk.
3	Bring die reserwe- of die reaksieseksie of die -peloton wat verantwoordelik sal wees om offensiewe maatreëls toe te pas, na vore, ten einde verdere geweld te voorkom, indien bogenoemde maatreëls nie die verlangde resultaat lewer nie.
4	Gee 'n tweede waarskuwing voordat offensiewe maatreëls toegepas word, sodat <i>omstanders</i> die geleentheid gebied word om die area te verlaat.

## Nasionale Munisipale Polisieeringstandaard

## Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings

5	Beplan alle optrede vir die offensief deeglik en voer dit onder streng bevel uit nadat die BGOS sodanige optrede goedgekeur het.
---	--

- (3) Indien die gebruik van geweld onvermydelik is, moet aan die volgende vereistes voldoen word:
- (a) die doel van offensiewe optredes is om die konflik af te skaal deur die gebruik van minimum geweld om die doel te bereik. Die sukses van die optrede sal gevolglik gemeet word aan die resultate van die operasie met verwysing na die koste, skade aan eiendom, beserings en lewensverlies;
  - (b) die mate van geweld wat gebruik word moet proporsioneel tot die erns van die situasie wees en die bedreiging met verwysing na die gepastheid van die optrede in daardie situasie;
  - (c) die mate van geweld wat gebruik word moet onder die omstandighede redelik wees;
  - (d) die minimum geweld moet gebruik word om die doelwit te bereik; en
  - (e) die gebruik van geweld moet gestaak word sodra die doelwit bereik is.
- (4) Die volgende handeling is verbode of beperk gedurende skarebeheeroperasies:
- (a) die gebruik van 37 mm stoppers (verbode);
  - (b) die gebruik van pepersprei is verbode, tensy die betrokke bevelvoerder 'n bepaalde instruksie uitgereik om dit te gebruik; en
  - (c) die gebruik van vuurwapens en lewendige ammunisie, insluitende donshael en bokhael is verbode, tensy die betrokke bevelvoerder 'n bepaalde instruksie uitgereik om dit te gebruik.
- (5) Rubberkoëls (haelgeweer rubberballe) mag slegs gebruik word as offensiewe maatreëls om 'n skare in uiterste omstandighede uitmekaar te dryf, indien minder kragtige maatreëls as oneffektief bewys is.
- (6) Geweld kan slegs op bevel of instruksie van die BGOS of operasionele bevelvoerder (indien sodanige bevelvoerder aangewys is) gebruik word. Lede mag nooit individueel sonder 'n opdrag van hul bevelvoerder optree nie.
- (7) Alle lede wat by die optrede betrokke is, moet deel vorm van een bevelstruktuur wat uit seksies, pelotonne of kompanjies bestaan. Lede wat nie in seksies werk nie, mag nie ontplooi word nie. Alle lede van sigbare polisieering wat vir sodanige doeleindes ontplooi word, moet in skarebestuur opgelei wees.

**Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard****Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings**

- (8) Gemeenregtelike beginsels rakende selfverdediging of noodweer word nie deur hierdie Nasionale Standaard beïnvloed nie.

**13. Rapportering en die hou van rekords**

- (1) *Lede* wat by 'n operasie betrokke is moet die GOS op hoogte van sake hou oor optredes en verwickelinge gedurende die operasie.
- (2) Die BGOS moet seker maak dat 'n volledige rekord gehou word van al die aktiwiteite gedurende die operasie. In alle voertuie moet daar 'n operasionele dagboek wees wat deur 'n lid wat in die bepaalde voertuig is, bygehou moet word. Die operasionele dagboek moet alle plasinge en instruksies wat uitgereik is en al die aktiwiteite van deelnemers gedurende die byeenkoms of betoging aandui. 'n Voorvalleboek-inskrywing moet gemaak word van die optrede en van die maatreëls wat deur elke funksionele rolspeler wat by die operasie betrokke is, ingestel is.
- (3) Rekords van operasionele planne, alle verslae oor die uitvoering van operasies en evalueringsverslae moet saam geliasseer word en volgens die die Rekord Klassifikasiestelsel wat op die vermelde munisipale polisdienens van toepassing is, bygehou word. In die geval van die hantering van 'n operasie wat as 'n Vlak 3-bedreiging geklassifiseer is, moet die BGOS verseker dat afskrifte van die operasionele dagboeke en die bywoningsregisters van alle lede wat tydens sodanige operasies ontplooi is, aan die gemagtigde lid en die betrokke *Openbare Orde Polisië-eenheid* gestuur word.
- (4) Die verteenwoordigers van alle hoofrolspelers moet gedurende die byeenkoms of betoging by die GOS teenwoordig wees.

**14. Evaluering**

- (1) Die BGOS moet seker maak dat evalueringssessie na elke gebeurtenis of byeenkoms plaasvind en dat 'n rekord daarvan gehou word.
- (2) Elke bevelsvlak moet die vlakke onder daardie vlak individueel evalueer. Dit moet opgevolg word deur 'n deurtastende evaluering deur die bevelvoerders van die operasie. Daarna moet 'n evalueringssessie met al die rolspelers gehou word om vas te stel of die operasie doeltreffend was en of kommunikasie met die rolspelers voldoende was, al dan nie.
- (3) 'n Deeglike evaluering moet gedoen word en, indien moontlik, moet video opnames getoon word.
- (4) Alle goeie praktyke, asook tekortkominge, moet as deel van 'n leerproses aangeteken word sodat goeie praktyke bevorder kan word en die herhaling van foute voorkom kan word.

## Nasionale Munisipale Polisiëringstandaard

## Skarebeheer gedurende byeenkomste en betogings

- (5) Opleiers en instruksors moet die evalueringssessies bywoon om optredes wat deur *lede* geneem is, in oënskou te neem en om onbehoorlike optrede deur indiensopleiding in skarebestuurstechnieke reg te stel.

### 15. Eerste lid (lede) op die toneel van 'n onvoorsiene (spontane) byeenkoms

- (1) Die eerste *lid* wat op 'n toneel of plek van 'n onvoorsiene (spontane) *byeenkoms* arriveer, moet probeer om die vrede te bewaar en die gemeenskap te beskerm en te help.
- (2) Die eerste *lid* wat op die toneel of plek arriveer moet die volgende prosedure volg:

Stap	Aksie
1	Tree met die operasionele sentrum van die betrokke munisipale polisieërens in verbinding en versoek dat personeel wat in <i>skarebeheer</i> opgeleë is, bystand verleen.
2	Stel 'n mobiele <i>GOS</i> op en stel die betrokke <i>Openbare Orde Polisie-eenheid</i> in kennis. Die <i>Openbare Orde Polisie-eenheid</i> sal die situasie evalueer en sal operasionele bevel van die polisieëring van die <i>byeenkoms</i> neem met die bystand van <i>SIGPOL</i> , indien hulle van mening is dat dit gepas is of anders sal die mees senior <i>lid</i> van die munisipale polisieërens op die toneel ingelig word om voort te gaan om operasionele bevel oor die polisieëring van die <i>byeenkoms</i> uit te oefen.
3	Probeer 'n atmosfeer skep wat tot onderhandelinge kan bydra deur geen aggressie te toon nie, soos om vuurwapens en spesiale toerusting te vertoon.
4	Identifiseer die leierskapselement om kommunikasie te bewerkstellig sodat onderhandelinge 'n aanvang kan neem.
5	Stel die hoogste standarde van verdraagsaamheid en moet nie enige vuurwapens teen die betogers gebruik nie, behalwe in die geval van noodweer, indien lewens in ernstige gevaar verkeer.
6	Raadpleeg die plaaslike owerhede en die <i>gemagtigde lid</i> oor die <i>byeenkoms</i> en die doelwit van die <i>byeenkoms</i> .
7	Bring die inhoud van artikel 9(1)(c) van die <i>Wet</i> onder die aandag van die leierskapselement.

# Looking for out of print issues of Government and Provincial Gazettes

We can provide photocopies  
We can provide photocopies

## Contact Contact

The National Library of South Africa,  
Pretoria Campus  
PO Box 397  
0001 PRETORIA

## Physical address

C/o Andries and Vermeulen Streets  
Entrance in Andries Street


## Contact details

Tel: (012) 321-8931

Fax: (012) 325-5984

E-mail: [infodesk@mlsa.ac.za](mailto:infodesk@mlsa.ac.za)

# Wetlands are wonderlands!



Department of Environmental Affairs and Tourism

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001  
Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001  
Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510  
Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504  
Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737  
Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531